*Donderdag* **18 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:18**

**Die lyding van vandag weeg nie op teen die heerlikheid van God nie**

Paulus skryf hierdie brief aan die Christene in Rome toe keiser Nero die Christene vervolg en gedood het. Nêrens verwys Paulus egter na Nero nie, maar skryf dat die lyding van die huidige tyd nie kan vergelyk met die heerlikheid wat bestem is nie. Hoe sou daardie mense die gedagtes bymekaar kon bring? Smart teenoor ’n verwagting wat nie gesien kan word nie.

Ons weet self as smart en ongeluk deel van ons dag word, gryp ons na ’n senuweepil om kalm te word. Ons glo aan die heerlikheid eendag, maar nou, nou is die nood. Paulus bemoedig die kerk van Rome en vir ons om in vaste vertroue die geloof te behou, al is daar spanning. Ons leef in die gebroke wêreld wat nie volmaak is nie. God beloof ’n heerlikheid wat geen menseverstand kan bedink nie, wat in ons nood nie so eenvoudig is nie. Maar ons hoop daarop.

Die Hebreërskrywer sê: *“Geloof is die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie.”* Paulus bemoedig ons om te bly glo en ook om op uitkoms te wag. Dawid skryf in Psalm 37: *“Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer.”*

Ons wil mekaar bemoedig met hierdie versekering: Glo – glo en verwag, ongeag ... Want God is getrou. Hy beloof en uiteindelik wag Hy op ons in sy heerlikheid. Sy almag oor ons lewe word geopenbaar deur sy Gees, wat ons laat glo.

*Sing: Psalm 37-1:11*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*